

18 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 6:15-23
Fokusgedeelte: Romeine 6:23

God gee lewe – leef daarom!

Ons is verlos, maar dit beteken nie dat ons nou 'n vrypas het om sonde te doen nie. Ons het sonde gedoen omdat ons slawe van die sonde was, want as slawe kon ons nie anders nie. Die duiwel is wel 'n baie slinkse baas wat sy slawe laat dink dat hy hulle ryklik sal vergoed. Op die oog af maak hy hulle gelukkig in hulle slawerny. Die waarheid is egter dat die eintlike loon van die sonde die dood is. Hier gaan dit nie oor die biologiese dood nie, maar 'n vreugdelose, pynlike doodsbestaan wat vir ewig duur.

Genadiglik het God ons van die heerskappy van die duiwel bevry. Die gelowige is nou vry sodat hy weer die wil van God kan doen. Ons kan dit doen, omdat ons reeds die grootste geskenk van alle geskenke ontvang het, naamlik die lewe wat ons Here Jesus Christus namens ons verdien het. Die slaaf van die duiwel sloof homself af onder die heerskappy van sy harde, wrede baas om uiteindelik die dood as loon te ontvang. Die gelowige daarenteen het deur die genade van God reeds die lewe as genadegawe ontvang sodat hy voluit kan lewe.

God het die ware lewe as 'n genadegawe gratis aan jou gegee. Lééf daarom voluit tot sy eer.

Sing: Psalm 116:5, 7, 9

Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)